



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2014**

**MEMORANDUM**

**WES-KAAP**

**PUNTE: 120**

**Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP:

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/ EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word net die rede/motivering/aanhaling bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is, by ŉ **meervoudigekeuse-vraag**.

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | betaal | 1 | 3 |
| 1.2 | • Om (die beeste) te ruil.✓<br>• Om te slag/vir kos/om te eet.✓<br>• (Hulle gebruik die beeste) om swaar vragte te trek.✓ | 3 | 1 |
| 1.3 | (Goud) verkleur/roes nie. | 1 | 1 |
| 1.4 | • C<br>• papier, parfuum en speserye.<br>• C papier, parfuum en speserye.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.5 | (Die mense het dit) in hulle kos/vir medisyne gebruik. | 1 | 1 |
| 1.6 | (Van) silwer | 1 | 1 |
| 1.7 | "oor baie jare heen ontwikkel"<br>*(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.)* | 1 | 2 |
| 1.8 | • D<br>• euro<br>• D euro<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.9.1 | (Die) Rand/rand | 1 | 1 |
| 1.9.2 | (In) 1961 | 1 | 1 |
| 1.9.3 | • (Suid-Afrika het toe) ŉ republiek geword.<br>• (Suid-Afrika) het in daardie jaar ŉ republiek geword.<br>• (Suid-Afrika) het in 1961 ŉ republiek geword.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.10 | • Kaapstad,✓want Tafelberg/die Parlementsgebou is daar.✓<br>• Johannesburg,✓want daar is goud/dit is die rykste provinsie.✓<br>• Durban,✓want die toeriste gaan daarheen/dit is bekend vir mooi strande.✓<br>• Pretoria,✓want die Uniegebou/Oudpresident Mandela se groot standbeeld is daar.✓<br>(Of soortgelyk)<br>*(Een punt vir die voorstel en die tweede punt vir die motivering.)* | 2 | 4 |
| 1.11 | Onwaar *(verdien nie ŉ punt nie)*<br>*Die kandidaat kan geen punt vir die motivering verdien indien WAAR as antwoord gegee is nie.*<br>• "In Februarie 2013 het ons ŉ nuwe stel banknote begin gebruik, **maar die ou note mag ook nog gebruik word**".<br>*(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.)*<br>*(Kandidaat hoef nie die hele sin aan te haal nie.)* | 1 | 3 |
| 1.12 | Randelas is afgelei van:<br>• Die **rand**, wat Suid-Afrika se geldeenheid is.✓<br>EN<br>• **Mandela** wie se gesig op die note gedruk is.✓<br>OF<br>• Woordspeling met **rand**✓EN **Mandela.**✓<br>(Of soortgelyk) | 2 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.13 | JA:<br>• Dit gee erkenning aan Nelson Mandela.<br>• Dit verewig Mandela se lewe en werk.<br>• Mandela is ŉ ikoon.<br>• Mandela word beskou as die "vader" van ons nasie.<br>(Of soortgelyk)<br><br>NEE:<br>• Sekere mense mag hierdie note gebruik om vir slegte dinge te betaal, bv. vir dwelms.<br>• As mense hierdie note vir slegte dinge gebruik, sal dit Mandela se naam oneer aandoen.<br>• Ek het nie saamgestem met alles wat hy gedoen het nie.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 1.14 | • B<br>• namaak<br>• B namaak<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.15 | Daar is ŉ - **watermerk**,<br>- **spesifieke nommers**<br>- **(ŉ stel) klein kolletjies** op die note.<br>(Enige TWEE)<br>*(Kandidate kan enige TWEE dinge **noem** of dit **in ŉ sin** weergee.)* | 2 | 1 |
| 1.16 | na | 1 | 3 |
| 1.17 | • C<br>• kan dinge wat hulle wil hê van die huis af bestel en betaal.<br>• C kan dinge wat hulle wil hê van die huis af bestel en betaal.<br><br>OF<br><br>• D<br>• het nie meer kontant of ŉ kredietkaart nodig vir hulle inkopies nie.<br>• D het nie meer kontant of ŉ kredietkaart nodig vir hulle inkopies nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | **SUBTOTAAL:** | **24** | |

## TEKS B: VISUELE TEKS

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.18 | Volgraan | 1 | 3 |
| 1.19 | • Broccoli/Patats | 1 | 3 |
| 1.20 | • Dit is kos met ŉ hoë vetinhoud.<br>• Hoender is baie vetterig.<br>• Hoender bevat baie vet.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 1.21 | • Die teken wys dat daar stoom uit die beker trek.<br>• (Daar trek) stoom uit die beker.<br>• Daar is merkies/strepies/ŉ teken bo die beker.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 1.22 | • Dit val in die GOED-kategorie kossoorte/dis goeie kos/gesonde kos.<br>• Die toebroodjie met sardyne en ŉ glas lemoensap gee vir my energie en verbeter my konsentrasie.<br>• Dit help my om te konsentreer.<br>• Dit gee vir my energie.<br>• ŉ Burger en ŉ koppie koffie gee vir my minder energie.<br>• ŉ Burger en ŉ koppie koffie verbeter nie my konsentrasie nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 1.23 | JA:<br>• Dit is maklik om prentjies te lees.<br>• Dit vat nie lank om prentjies te lees nie.<br>• ŉ Mens sukkel nie met die betekenis van woorde nie.<br>• Prentjies trek dadelik die leser se aandag.<br>• Mense wat nie kan lees nie, kan ook visuele tekste verstaan.<br><br>NEE:<br>• Die prentjies is nie altyd duidelik nie.<br>• ŉ Mens leer dan nooit om te lees nie.<br>• ŉ Mens se woordeskat ontwikkel nie.<br>• ŉ Teks gee meer inligting as prentjies.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| | **SUBTOTAAL: 6** | | |
| | **TOTAAL AFDELING A: 30** | | |

| **Barrett se Taksonomie** | | Punte | % | |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 5 | Waardering | 6 | 20% | 20% |
| Vlak 4 | Evaluering | | | |
| Vlak 3 | Afleiding | 12 | 40% | 40% |
| Vlak 2 | Herorganisasie | 12 | 40% | 40% |
| Vlak 1 | Letterlik | | | |

## AFDELING B: OPSOMMING

## NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het**.
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1-5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 65 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

## VRAAG 2: KENMERKE VAN DIE AFRIKA-OLIFANT

[Verwerk uit: *Sien Suid-Afrika Visuele feite]*

| | **TEKS** | **VERWAGTE ANTWOORDE** |
|---|---|---|
| 1. | **Die Afrika-olifant is die grootste landsoogdier.** Dit is een van Suid-Afrika se "Groot Vyf". Baie mense besoek ons land juis om die olifante te sien. | Die Afrika-olifant is die grootste soogdier op land. |
| 2. | ŉ Mens se brein weeg ongeveer 1,5 kg. **Die Afrika-olifant se brein kan tussen 4,3 en 5,4 kg weeg**. | Die Afrika-olifant se brein kan van 4,3 tot 5,4 kg weeg./Die Afrika-olifant se brein weeg meer as ŉ mens s'n. |
| 3. | Leeus en renosters is ook groot, sterk diere, maar hulle ore is nie baie groot nie. Dis beslis nie so groot soos **die Afrika-olifant se ore wat 1,83 m lank is** nie. | Die Afrika-olifant se ore is baie groot./ Die Afrika-olifant se ore is 1,83m lank. |
| 4. | **Twee van die Afrika-olifant se 26 tande groei uit as lang, buitenste tande.** Baie olifante word deur stropers doodgemaak omdat hulle hierdie tande wil verkoop. | Die Afrika-olifant het 26 tande./ Die Afrika-olifant het twee lang tande (wat na buite groei.) |
| 5. | Alle olifante se slurpe is eintlik verlengde neuse. Hierdie slurpe kan iets so klein soos ŉ grondboontjie of so groot soos ŉ 100 kg-stomp optel. Olifante gebruik hulle slurpe om water te drink en om bome uit te trek. **Die Afrika-olifant spog met ŉ slurp van tot 1,5 m lank.** | Die Afrika-olifant se slurp kan tot 1,5m lank wees. |
| 6. | Olifante het baie groot pote. **Die Afrika-olifant het ŉ ovaal agterpoot en ŉ ronde voorpoot.** ŉ Mens kan nie olifante se tone duidelik sien nie. | Die Afrika-olifant se agterpoot is ovaal/ die voorpoot is rond. |
| 7. | Net soos baie ander diere, het olifante ook ŉ klossie hare aan die punt van hulle sterte. Wie sou kon raai dat **die Afrika-olifant se stert tot 11 kg kan weeg?** | Die Afrika-olifant se stert kan tot 11 kg weeg. |
| | **GETAL WOORDE = 206 woorde (Disjunktief: ±200 woorde)** | **GETAL WOORDE: 63 woorde (50-60/65 maksimum)** |

| **Barrett se Taksonomie** | | Punte | % | |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 5 | Waardering | 2 | 20% | 20% |
| Vlak 4 | Evaluering | | | |
| Vlak 3 | Afleiding | 4 | 40% | 40% |
| Vlak 2 | Herorganisasie | 4 | 40% | 40% |
| Vlak 1 | Letterlik | | | |

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:

   - Een-woord-antwoorde moet korrek gespel word.
   - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is by 'n meervoudigekeuse-vraag.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 3.1 | • vinnige<br>• maklike | 2 | 3 |
| 3.2 | • Punt: Volg net twee eenvoudige stappe**.**<br>• Uitroepteken: Volg net twee eenvoudige stappe**!**<br>• Beletselteken: Volg net twee eenvoudige stappe **...**<br>• Dubbelpunt: Volg net twee eenvoudige stappe**:**<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 3.3 | • C<br>• Koppelteken<br>• C Koppelteken<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 3.4 | re – gis – treer | 1 | 3 |
| 3.5 | bel | 1 | 2 |
| 3.6.1 | jou/Jou<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 3.6.2 | elektroniese | 1 | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.7 | Dit is 'n mening, ...<br>• want dis die adverteerder wat so dink.<br>• almal stem nie noodwendig saam met die adverteerder nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 3.8 | • Die advertensie is gerig op ALLE mense (wat Gauteng se paaie gebruik).<br>• Die advertensie is vir almal bedoel.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 5 |
| | **SUBTOTAAL: 10** | | |

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.1 | probleempie *(die spelling moet korrek wees)* | 1 | 1 |
| 4.2 | veertien *(die spelling moet korrek wees)* | 1 | 2 |
| 4.3 | regte**r**skouer | 1 | 1 |
| 4.4 | • **Wie** gaan volgende jaar skool toe?<br>(*Vraagteken moet daar wees om die punt te verdien.*) | 1 | 3 |
| 4.5 | Ek sal hard leer omdat ek wil slaag. | 1 | 3 |
| 4.6 | • Jan se rapport is deur die skoolhoof geteken.<br>• Jan se rapport is geteken deur die skoolhoof.<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |
| 4.7 | • Jan se ma se oë is groot gerek.<br>• Jan se ma swaai/waai met haar hand.<br>• Jan se ma se hand bewe.<br>• Jan se ma se mond is afgetrek.<br>• Jan se ma se kop ruk agteroor.<br>• Daar is merke/sweet rondom haar kop.<br>• Die uitdrukking op haar gesig.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 4.8 | figuurlike | 1 | 3 |
| 4.9 | Ma sê vir Jan dat **hy** ✓ harder moet werk**.**✓ | 2 | 3 |
| | **SUBTOTAAL: 10** | | |

## VRAAG 5

### 5.1: LEESTEKS

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | moeilike/harde | 1 | 2 |
| 5.1.2 | kind**er**jare | 1 | 2 |
| 5.1.3 | Die deur is **toe**.<br>Nee man, moenie **toe** wees nie.<br>Ek gaan skool **toe**.<br>**Toe, toe** maak gou!<br>*(Enige sin waar die ander betekenis van die woord duidelik is, m.a.w. nie "oop" nie.)* | 1 | 4 |
| 5.1.4 | km<br>*(Geen punt na afkorting nie en nie hoofletter nie.)* | 1 | 2 |
| 5.1.5 | daarmee | 1 | 2 |
| 5.1.6 | As ons 'n eier wou bak, **moes ons toestemming vra.** | 1 | 3 |
| 5.1.7 | Ma **het** die eiers **verkoop.**<br>*(Die **het** en **verkoop** moet korrek en ook in die korrekte posisie wees vir die punt.)* | 1 | 3 |
| 5.1.8 | lig | 1 | 2 |
| 5.1.9 | • Kruideniersware<br>• kruideniersware<br>*(Die spelling moet korrek wees.)* | 1 | 3 |
| 5.1.10 | koue | 1 | 2 |
| 5.1.11 | Water **om** in **te** bad, is in 'n groot kastrol gekook.<br>*(Aanvaar ook "Water **om** in **te** bad")* | 1 | 2 |
| 5.1.12 | televisie | 1 | 1 |
| 5.1.13 | peperduur<br>*(Die spelling moet korrek wees.)* | 1 | 2 |
| 5.1.14 | • Mense het **nie** tyd vir mekaar **nie**.<br>• Mense het **nie** vir mekaar tyd **nie**.<br>(Enige EEN)<br>*(Neem nie spelling in ag nie, dubbel "nie" vir die punt.)* | 1 | 3 |
| | **SUBTOTAAL: 14** | | |

## 5.2: PRENT

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 5.2.1 | koerant | 1 | 3 |
| 5.2.2 | • B<br>• Nandi het hard gewerk; daarom het sy matriek geslaag.<br>• B Nandi het hard gewerk; daarom het sy matriek geslaag.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 5.2.3 | Jy | 1 | 2 |
| 5.2.4 | Hoera | 1 | 3 |
| 5.2.5 | agter | 1 | 3 |
| 5.2.6 | • B<br>• stereotipering.<br>• B stereotipering.<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |
| | **SUBTOTAAL:** | **6** | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** | |

| **Bloom se Taksonomie** | | Punte | % | |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 6<br>Vlak 5 | Sintese<br>Evaluering | 6 | 14% | 20% |
| Vlak 4<br>Vlak 3 | Analise<br>Toepassing | 17 | 43% | 40% |
| Vlak 2<br>Vlak 1 | Begrip<br>Kennis | 17 | 43% | 40% |

## AFDELING D: LETTERKUNDE

## *FEESMAAL* – EA Swanepoel

## VRAAG 6

## VERHAAL A: *TWEE GESIGTE* – Elise Muller

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.1 | (Vir) Rinatjie | 1 | 1 |
| 6.2 | • Buite die dorp<br>• (Op die ou) uitspanplek<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 6.3 | (Sy sou) op ’n bankie (ry). | 1 | 1 |
| 6.4 | • Vyftig sent<br>• 50c<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 6.5 | tien | 1 | 3 |
| 6.6 | • D<br>• kontras.<br>• D kontras.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.7 | Ek sou ...<br>• haar laat ry het.<br>• haar ook ’n rand laat betaal het.<br>• haar ook afgejaag het.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 6.8.1 | • C<br>• ... was ’n vrolike mens.<br>• C ... was ’n vrolike mens.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.8.2 | • A<br>• ... het nie vir ander mense omgegee nie.<br>• A ... het nie vir ander mense omgegee nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.8.3 | • D<br>• ... het maklik vir ander jammer mense gevoel.<br>• D ... het maklik vir ander mense jammer gevoel.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.8.4 | • E<br>• ... het ander gehelp om op die perdjies te klim.<br>• E ... het ander gehelp om op die perdjies te klim.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.9 | • Rinatjie en Rosa het op die gras gaan sit nadat hulle gery het.<br>• Die kaartjiesverkoper het Katrien gedwing om van die mallemeule af te klim.<br>• Rinatjie en Rosa wou ŉ tweede keer gaan ry, maar Rinatjie het omgedraai en weggehardloop.<br>• Rinatjie het haar twee vyftigsente vir Katrien gegee sodat Katrien weer kon ry. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 6.10.1 | • Ek voel kwaad vir haar.<br>OF<br>• Ek voel teleurgesteld in haar.<br>OF<br>• Ek is nie lief vir haar nie/hou nie van haar nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 5 |
| 6.10.2 | • Rosa het gedink dat die kaartjiesverkoper reg was om Katrien van die mallemeule af te jaag.<br>• Rosa kon nie verstaan waarom Rinatjie haar geld vir Katrien gegee het nie.<br>OF<br>• Rosa het nie omgegee vir ander mense nie.<br>• Rosa het gedink sy is beter as ander mense.<br>• Rosa was neerbuigend teenoor ander mense.<br>• Rosa was skynheilig.<br>• Rosa het gesê sy is jammer dat Rinatjie net 3 keer kon ry, maar sy het dit nie bedoel nie/het dit sonder meegevoel gesê.<br>OF<br>• Rosa het Katiren lelik behandel.<br>(Enige EEN of soortgelyk)<br><br>**LET WEL**: Die antwoorde in 6.10.1 en 6.10.2 moet bymekaar aansluit. | 1 | 5 |
| 6.11 | • Rinatjie het haar geld vir Katrien gegee.<br>• Rinatjie was ontsteld omdat Katrien moes afspring.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 6.12 | Rinatjie het geleer dat:<br>• mense op verskillende maniere teenoor verskillende mense optree.<br>• mense nie dieselfde teenoor almal optree nie.<br>• die kaartjieverkoper nie al die mense wat op die mallemeule gery het, dieselfde hanteer het nie.<br>• mense "twee gesigte" het.<br>• (Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.13 | • C<br>• teleurstelling.<br>• C teleurstelling.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | **[20]** | |

**EN**

**VERHAAL B: *DIE KRISMISBOKKIE* – Audrey Blignaut**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.14 | Hy kon nie diere in die dorp aanhou nie.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 6.15 | • Pappie<br>• (Sy) pa<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 6.16 | (Rietman het die melk) van Kleinboet se vinger afgelek. | 1 | 3 |
| 6.17 | voor Kersfees | 1 | 3 |
| 6.18 | (Afgevalde) roosblare/Roosblare wat afgeval het. | 1 | 1 |
| 6.19 | • D<br>• baie moeg.<br>• D baie moeg.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.20 | • Jy verloor ’n goeie maat.<br>• Jy word eensaam.<br>(Of soortgelyk) | 2 | 5 |
| 6.21 | • Rietman (se terugkoms) was ’n groot Kersgeskenk/Krismisgeskenk.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 6.22.1 | • E<br>• ... het Oukersaand uit die Bybel gelees.<br>• E ... het Oukersaand uit die Bybel gelees.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.22.2 | • D<br>• ... het eerste vir Rietman gesien.<br>• D ... het eerste vir Rietman gesien.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.22.3<br><br><br><br>6.22.4 | • B<br>• ... het die bruin bokkie in ŉ straat teen ŉ draad vasgekeer.<br>• B ... het die bruin bokkie in ŉ straat teen ŉ draad vasgekeer.<br>(Enige EEN)<br><br>• A<br>• ... het eerste ontdek dat Rietman weg was.<br>• A ... het eerste ontdek dat Rietman weg was.<br>(Enige EEN) | 1<br><br><br><br>1 | 3<br><br><br><br>3 |
| 6.23 | • Die volgende oggend is ons almal vroeg in die tuin.<br>• Net soos al die dae vantevore staan Rietman langs die denneboom.<br>• Die Here het hom nie laat doodgaan nie.<br>• Rietman lig sy pote en spring hoog in die lug op. | 1<br>1<br><br>1<br>1 | 2<br>2<br><br>2<br>2 |
| 6.24 | • (ŉ) wilde/ander duikertjie.<br>• Die duikertjie wat deur die kinders gekry is.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 6.25 | • Rietman was gelukkig by Kleinboet.<br>• Rietman wou saam met Kleinboet wees.<br>• Rietman was honger.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 6.26 | • B<br>• die natuur sy eie reëls het.<br>• B die natuur sy eie reëls het.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | **[20]** | |

| **Barrett se Taksonomie** | | Punte | % | |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 5 | Waardering | 4 | | 20% |
| Vlak 4 | Evaluering | | | |
| Vlak 3 | Afleiding | 8 | | 40% |
| Vlak 2 | Herorganisasie | 8 | | 40% |
| Vlak 1 | Letterlik | | | |

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou